



BO: Mnr. Henry Dunn se kuddebestuur is op vrugbaarheid gegrond. Hier word semenmonsters versamel.

LINKS: Henry by sy buffels. FOTO'S: J. DU TOIT

# Regte teelmetode vir eenvormige buffels

Eenvormigheid in 'n kudde het nie 'n kitsresep nie. Mnr. Henry Dunn het eers 'n goeie moederlyn in sy A3-kudde gevestig en teel nou eenvormige buffels.

Die bekende landbouwetenskaplike wyle prof. Dieter Osterhoff, jare lange hoof van die departement veteriniëretologie van die Universiteit van Pretoria se fakulteit veeartsenykunde by Onderstepoort, het gestaan by die telersfilosofie: "Alles wat meetbaar is, oortuig".

Dit is ook die ingesteldheid van die mielieboer mnr. Henry Dunn



Dr. Kobus du Toit is 'n wildveerts wat spesialiseer in die bestuursaspekte van die teel van skaars herbivoorspesies. In die vorige aflewering is die geskiedenis van die be-dryf, pryse en seleksiekriteria ontleed.

Geborg deur: **App leopard.tv**



van Bethal, wat al sedert 2000 by buffelkalf teelprojekte betrokke is.

Die klem van sy A3-kudde is nie om wêreldrekords te teel nie, maar om eenvormige manlike en vroulike diere te teel met onderskeidelik sterk manlike en vroulike eienskappe. Die horingwydte vir vroulike diere moet verkieslik groter as 30 duim wees en vir manlike diere groter as 42 duim.

As riglyn bepaal die jagmark dat 'n bul met 'n 38-40 duim-horingwydte 'n jagwaarde van \$8 500 (R113 000) het. Met elke duim bo 38 duim verhoog die jagwaarde met \$500 (R6 700).

Uitskieterdiere kan soms misleidend wees en dit is moontlik dat hulle nie konstant gaan teel soos hulle lyk nie. Hoe meer inligting die teler oor die ouers van die dier het, hoe beter is sy aanduiding van hoe die diere gaan teel. As 'n 46 duim-buffelbul se vader byvoorbeeld 46 duim was, is die moontlikheid baie goed dat die teelbul 46 duim-bulle gaan teel, ook na gelang van die moeder se horingwydte.

Om dié doelwit te bereik is nie 'n kitsproses nie, want 'n goeie moederlyn moet eers gevestig word om 'n goeie bulnageslag te kan lewer. Die waarde van 'n kudde lê in die moederlyn en verg jare om op te bou. Dit kan egter met een verkeerde bulparing vernietig word.

## GESKIEDENIS VAN DIE A3-KUDDE


Die kudde se oorspronklike teelmateriaal kom uit die Mokwalo-teelprojek, wat in 2000 deur my en Chris Mostert tot stand gebring is. Die Mokwalo-bulle is geselekteer uit Laeveld-buffelbulle van die Krugerwildtuin. Ses uit 60 bulle (10%) is vir die volgende kenmerke geselekteer:

- Skoon van brucellose (sowat 15% van buffels in die natuur kan met brucellose besmet wees).
- Skoon van beestuberkulose.
- Goeie temperament. Buffelboere kan nie suksesvol in semi-intensiewe toestande boer met diere wat kwaai is nie.
- Vrugbaarheid. Die departement van geslagskunde op Onderstepoort het 'n semenevaluasie op elke bul gedoen. Skrotumomvang is gemeet en onvrugbare bulle is uitgeskot.
- Verskillende horingvorme is geselekteer, byvoorbeeld 'n wye span (meer as 44 duim) en 'n wye horingknobbel (*boss*) van 'n bul (19½ duim).

Die A3-kudde se begingetalle was tien verse en drie bulle. Dit was dus die tweede vlak van seleksie wat vir die bullyn plaasgevind het. Drie bulletjies is uit sowat 15 diere (20%) geselekteer. Die teelbul in die kudde was A3 (die derde kalf wat in jaar A gebore is), wat eers ná vier jaar vir teling gebruik is.

Hy is volgens sy geboortegewig van 45 kg en die grootte van sy beenstruktuur geselekteer. Die kudde se ontstaan is dus gegrond op twee seleksiefases van die bullyn.

Die vrugbaarheid van die bulle was



Die kenmerke vir die horingindeks se meting. Die horingindeks word bepaal deur die wydte van die horing (X-Y) deur die wydte van die horingbasis (G-H) te deel.

baie belangrik en die volgende standaardse is vasgestel:

- 'n Skrotumomtrek van meer as 400 mm.
- Semen moet witkleurig wees.
- Die samestelling van die semen moet dik en melkerig wees.
- Die spermteelting moet meer as 400 x 10<sup>6</sup> per milliliter wees.
- Die voorkoms van morfologies normale sperme moet meer as 80% wees.

## METING VAN HORINGS

Horingtipes van bulle is belangrik vir jagdoel-eindes. Navorsing het getoon dat nie meer as 5% van bulle in natuurlike bevolkings trofeediere is nie. Die gemiddelde horing se ideale horingknobbel (*boss*) moet sowat 16 duim wees, met 'n diep kurwe en horingpunte wat na agter draai. Dit lewer 'n goeie waarde vir jagters volgens die Safari Club International (SCI) se meetmetode. Die wydte van die horing moet gemiddeld 44 duim (1 100 mm) wees. Sterk gebalanseerde horings is ook 'n teken van vrugbare en parasietweerstandbiedende diere.

Die horingindeks van die eerste tien bulle volgens die Rowland Ward-standaard is 3,85 (gemiddelde horingspan is 60,59 duim) en die



BO: Henry se teelbul A3 toe hy hom op drie weke geselekteer het.

REGS: Die teelbul A3 op 17-jarige ouderdom.

deursnit van die horingknobbel 15,73 duim. Dié diere is hoofsaaklik in Oos-Afrika gejag. Die kuddeteelbul A3 se indeks is 3,07 en die kudde poog om bulle te teel met 'n indeks van groter as 3.

Die koeilyn is vir 15 jaar geteel met die klem op vrugbaarheid. Dié eienskap is nie hoogs oorerflik nie en dit is 'n langtermyn-doelwit om na te streef. Die vroulike diere wat minder vrugbaar is en dié met klein horings, word uitgeskot. Die teelkudde van 50 vroulike diere bestaan uit drie subgroepe, sowat 15 tot 20 koeie per bul.

Die kalwers word op ongeveer tien maande gespeen en as groep saamgevoeg. Wanneer die vroulike diere geslagsryp is, gaan hulle terug na die teeltroppe, maar nie na die oorspronklike subgroepe nie om te voorkom dat dogter-vader-parings plaasvind. Die jong bulle gaan terug na die bultrop. Geen bulle word verkoop voor hulle op sesjarige ouderdom jaggereed is nie.



## MIKPUNT: GEBALANSEERDE TROFEË

Henry is ook besig met 'n proefneming om een van die subkuddes met 'n Oos-Afrika-bul te toets. Die doelwit is om die beste van die twee buffeltipes te gebruik wat 'n mens op die ou end die mees gebalanseerde trofeë kan gee danksy die "basterkrag-effek". Hy is egter daarop toegepits om rasegte Laeveld-diere te teel met die grootste deel van sy kudde. Die dieper krul van die horing en groter horingknobbel is kenmerkend van die Krugerwildtuin-tipe.

Die diere se Rowland Ward-mates is nie altyd die beste nie, maar die SCI-mates is gewoonlik indrukwekkend. Die horings maak pragtige trofeë en is baie gesog by jagters. Dit is die mark waarvoor hy op die ou end wil teel, want dit is volhoubaar vir die toekomst. Hy is egter versigtig om nie te groot bulle met kleiner vroulike diere te paar nie, aangesien dit kan lei tot probleme met kalftyd.

Die grootste gevaar vir 'n buffelboer is dat hy groot verliese kan ly weens siektes van sy bure se beeste. Henry se naaste permanente beeste is meer as 'n kilometer van sy buffels af. Die Madikwe-buffels het byvoorbeeld tuberkulose gekry nadat besmette koedoes hervestig is as kos vir die leeus in die reservaat.

Toe Henry 17 jaar gelede al sy beeste verkoop het om buffelkalwers uit 'n teelprojek te koop, het sy bure vir hom gelag. Vandag vul die buffelboedery sy saai-boedery aan, veral tydens droër tydperke.

Die reeks word geplaas danksy die same-werking van Leopard.tv. Besoek [www.leopard.tv](http://www.leopard.tv) vir meer inligting. **LBW**